24 Julie 2022

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

Lukas 11:1-13

ons **storie**
ys**breker**

Hoekom sukkel mense om te bid? Nie net om VOOR mense te bid nie, maar ook om in hulle BINNEKAMER te bid? Is daar 'n verskil tussen die twee maniere van bid?

Hoe belangrik is gebed vir jou? Hoe belangrik dink julle is gebed vir ons gemeente? Hoe wys jou lewe dit? Hoe wys ons gemeente dit?

word **stil**

Word vir 'n oomblik doodstil. Haal diep asem.
Met elke asem wat jy inneem, sê jy vir die Here dankie vir sy genade.
En elke keer as jy jou asem uitblaas, loof jy die Here.
Asem in. Asem uit. Genade in. Lof uit.

GOD se **storie**
wat sê **die Bybel**

Lees saam
Lukas 11:1-13

As daar tyd is,
lees dit uit verskillende vertalings.

GOD se **storie**
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het. Raadpleeg NOUS se *Die Storie Agter Die Groot Storie* vir meer agtergrond info oor die gedeelte.
- Jesus leer sy dissipels – en vir ons – bid deur aan hulle die 'Ons Vader' aan te leer. Maak 'n lys van alles wat Jesus ons hier leer.
- Wat leer ons oor God uit die gebed? Hoe openbaar Hy Homself hier?
- Hoe dink julle bid 'n mens as jy 'onbeskaamd aanhou'? Lees weer vers 8.

nous
praktiese wysheid...

- Hoe kan jou lewe verryk word as jy jou karakter in lyn bring met die visie van hierdie teks? Watter verkeerde gedagtes ontstaan wanneer ons hierdie waarhede oor gebed vergeet? Oor God?
- Hoe nooi hierdie teks ons uit om deel te neem aan 'n gemeenskap wat bestaan vir iets groter as net ons eie begeertes en behoeftes? Watter soort gemeenskap vra hierdie teks ons om te word vir en ter wille van die wêreld?
- Hoe kan gebed beide 'n gesprek en 'n ontmoeting met God wees?
- As ons gebede meer was soos wat Jesus hier leer, hoe sal ons gebede verander?
- Hoekom is dit soms nie so 'n slegte ding as God NIE ons gebede verhoor soos wat ons dit verhoor wil hê nie?

ons **nuwe storie**

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor:

Watter aanpassings gaan jy nou aan jou gebedslewe aanbring?
Neem klein stappies.
Hoe dikwels en waarvoor vra, soek en klop jy?
Hoe kan ons die gemeente help om meer gefokus te bid?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Hoe kan ons vir mekaar hierdie week bid?
Het enige iemand spesifieke gebedsbehoeftes? Teken dit aan.
Watter gebede wat julle hier genoem het, is reeds verhoor?